# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 29 26 Julie 2026

## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 26 JULIE – Dr De Wet Saaiman




**Skrifgedeeltes:** Matteus 6:25-34
**Teksvers:** Matteus 6:33
**Tema:** Koninkrykstyd: Vestig jou oë op die ewige koninkryk van God!

Koninkrykstyd is die tyd ná Pinkster waarin die kerk bely dat die opgestane en verheerlikte Christus as Koning regeer. Deur sy Woord en Heilige Gees vergader, beskerm en onderhou Hy sy kerk totdat Hy weer in heerlikheid kom. Hierdie seisoen herinner gelowiges daaraan dat hulle met vertroue onder Christus se heerskappy moet leef en hulle lewe op sy koninkryk en geregtigheid moet rig. Omdat God getrou vir sy kinders sorg en sy koninkryk deur Jesus Christus herstel het, kan ons met hoop leef en uitsien na die dag wanneer Christus in heerlikheid terugkeer en sy koninkryk in volle volmaaktheid openbaar. In die Woordverkondiging let ons op:

1. God HEERS oor sy ewige koninkryk.
2. God HERSTEL sy koninkryk deur Jesus Christus.
3. God ROEP ons om soos koninkryksburgers te leef.

## BYBELSKOOL SONDAG 26 JULIE – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel – Oorsig oor die Nuwe Testament

Die Nuwe Testament vorm die vervulling van die groot verlossingsverhaal wat in die Ou Testament begin. Dit getuig van God se trou aan sy verbond en wys hoe al sy beloftes in Jesus Christus vervul word. Die Evangelies verkondig Jesus as die beloofde Messias, die Seun van God en Verlosser van die wêreld. Handelinge beskryf hoe die Heilige Gees die kerk toerus om die evangelie na al die nasies te bring, terwyl die apostoliese briewe gelowiges leer hoe om as burgers van God se koninkryk te leef. Openbaring rig ons hoop op Christus se wederkoms en die nuwe hemel en aarde. Die hart van die Nuwe Testament is dat God deur Jesus Christus sy skepping herstel en alles nuut maak, tot eer van sy Naam.

## SONDAG 26 JULIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die GKSA Sustentasie en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte 2 Augustus is na die oggenddiens vir die Korrektiewe dienste en na die Bybelskool vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 30 – Oudl. Lydia Jansen van Rensburg
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie tydens die oggenddiens olv sr Lasca Joubert
- Katkisasie les 16

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## DIENSBEURTE SONDAG 2 AUGUSTUS 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 31 – Oudl. Brendan Diamond
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Tee/Koffie tydens die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
- Katkisasie les 17
- Bybelskool 18:00

## PROGRAM VIR DIE WEEK 26 JULIE TOT 2 AUGUSTUS 2026

**Sondag 26 Julie**

Blokleiers
Reddersburg Kersfees in Julie projek
Jeugaksie: Braai

**Maandag 27 Julie**

18:30 Diensgroep bediening

**Woensdag 29 Julie**

09:00 Korrektiewe Dienste

**Donderdag 30 Julie**

15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Thesca v Tonder; Groep B olv sr Rita Strauss

**Vrydag 31 Julie**

09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Thesca v Tonder; Groep B olv sr Rita Strauss

## VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**27 Julie**

- Sr Susan vd Walt (082 559 3523) Wyk 39

**31 Julie**

- Sr Hannetjie Henning (082 593 8923) Wyk 28

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**27 Julie**

- Br Ryan Hays (064 373 7044) Wyk 18
- Jsr Zelri Tait (064 482 8903) Wyk 3

**29 Julie**

- Sr Meisie Naude (083 655 5419) Wyk 39

**1 Augustus**

- Jsr Liné Koch (082 460 8219) Wyk 6

**Daar is geen huweliksherdenkings die week waarvan ons bewus is nie.**

**<u>Lief en leed:</u>**


- Ons dink in ons gebede aan sr Annemarie de Swart (071 481 0265) Wyk 2 wat ’n knievervangoperasie ondergaan het en tuis aansterk. Spoedige herstel en beterskap word haar toegewens.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 19 Julie 2026**
R 1112.00 Oggend: Barmhartigheid
R 937.00 Oggend: Deure/Christelike onderwys

**SnapScan: 19 Julie 2026**
R 714.90 Oggend: Barmhartigheid
R 400.90 Oggend: Deure/Christelike onderwys

### *Gedagte vir die week*



Ek is die Alfa en die Omega,
die begin en die einde, sê die Here,
wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.
Openbaring 1:8

### *Die tronkbewaarder van Filippi (1)*

- **Handelinge 16:30**: *"Menere, wat moet ek doen om gered te word?"*

Hierdie is seker die belangrikste vraag wat enige mens kan vra. Kom ons kyk na die konteks waarin die tronkbewaarder van Filippi hierdie vraag vir Paulus en Silas een nag gevra het.

**Paulus en Silas in die tronk**
Paulus het in Filippi gepreek. 'n Sekere slavin, in wie 'n waarsêersgees was, het al agter Paulus en Silas aangeloop, en aanhoudend geskreeu: "*Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste! Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word.*" (vs. 17) Paulus het die gees uit haar uitgedryf, en toe beland hulle hieroor in die tronk – omdat hulle die Naam van Jesus Christus verkondig het (vs. 18). Met hulle voete in "*die houtblok vasgeklem*" (vs. 24) het hulle om middernag tot God gebid en tot lof van God gesing. Toe was daar 'n groot aardbewing en al die deure van die tronk het oopgegaan en die gevangenes se boeie het losgeraak. Hieroor wil die tronkbewaarder sy eie lewe neem.

**Die tronkbewaarder glo**
Paulus stel hom egter gerus: "*Moenie jouself doodmaak nie! Ons is nog almal hier.*" (vs. 28) Waarskynilk omdat Paulus met hom gepraat het, val hy al bewende voor hom en Silas neer, en roep as't ware hierdie vraag van alle vrae uit: "*Menere, wat moet ek doen om gered te word?*" (vs. 30) Uit Paulus en Silas se antwoord kan ons aflei dat sy vraag gaan oor hoe hy salig kan word, want hulle antwoord hom: "*Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.*" (vs. 31) Die rede waarom hy hierdie spesifieke vraag stel, is moontlik omdat hy (hoogswaarskynlik 'n heiden) Paulus-hulle hoor preek het oor hoe 'n mens gered kan word (vs. 17). Paulus het die vorige dae verseker daar in Filippi Jesus Christus aan die mense verkondig.

**Alles gaan oor Jesus**
Hoekom staan hierdie stukkie in die Bybel? Dit gaan beslis nie in die eerste plek oor die tronkbewaarder nie. Sy naam word nie eers genoem nie. Nee, as ons Handelinge 1:1 versigtig lees, sien ons dat dit hier gaan oor *Jesus Christus* – oor alles wat Hy hier op aarde gedoen het ná sy hemelvaart. Paulus sê dan ook uitdruklik in **1 Korintiërs 2:2**: "*Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.*" Anders gestel: In Handelinge 16 en by die tronkbewaarder *gaan dit oor Jesus Christus* – en nie in die eerste plek oor die tronkbewaarder nie! Wat openbaar God Drie-Enig van Homself hier? God is hier aan die werk. Ons moet vasstel wat dit is, as hoedanig openbaar Hy Homself hier. Ek stip 'n paar dinge aan – daar is baie meer:

- **God doen alles volgens sy raadsplan** (Efes. 1:11): Dit is beslis nie toevallig dat Paulus en Silas juis in daardie tronk beland het waarvan juis hierdie tronkbewaarder aan diens was nie. (So iets soos "toeval" bestaan nie [HK 10:27].) God het dit voor die skepping al so vasgelê dat hy daardie nag die evangelie van Jesus Christus moes hoor. Hy móés hoor: "*Glo*

*in die Here Jesus, en jy sal gered word.*" (vs. 31) Hy móés hoor: Volgens God se raadsplan is daar net één weg tot die ewige saligheid, en dit is deur Jesus Christus. In **Handelinge 4:12** staan dit tog so duidelik: "*Hý bring die verlossing en* ***niemand anders nie****. Daar is* ***geen ander naam*** *op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.*" En daardie nag hoor hy dit, en kom tot geloof in ons Here Jesus – en hy is salig. Net so het God in sy raadsplan dit vasgelê dat jy en ek die evangelie van Jesus Christus sal hoor en tot geloof in Hom kom.

- **God laat nie een uitverkorene verlore gaan nie:** In hierdie gedeelte sien ons hoe die waarheid van **DL 1:3,** wat ons met soveel sekerheid bely, 'n werklikheid word in die tronkbewaarder se lewe: "*Om dan die mense tot die geloof te bring, stuur God uit goedertierenheid verkondigers van hierdie baie blye boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en die geloof in Christus, die gekruisigde.*" God het Paulus en Silas daardie nag op sy pad geplaas, want hy is 'n uitverkore kind van God wat Hy tot geloof wil (en gaan!) bring. Ons lees van baie sulke beskikkings van God in die Bybel:

  - Hy laat Paulus se pad met Lidia kruis in Filippi, en sy glo (Hand. 16:15).
  - Filippus preek vir die kandake van Etiopië, en hý glo (Hand. 8:35).
  - In Atene preek Paulus op die Areopagus, en Dionisius en Damaris glo in Jesus Christus (Hand. 17:34).

  Hy het ook gesorg dat jy en ek sy Woord hoor – én: Hy *hét* ons tot geloof in Hom gebring.
  (Volgende keer meer oor God se openbaring in hierdie geskiedenis.)

– André Grové

# *PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**

**<u>Kwartaaltema</u>: Koninkrykstyd**

<u>26 Julie</u>

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Vestig jou oë op die ewige koninkryk van God! Matteus 6:25-34 (T = Matt. 6:33).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Oorsig van die Nuwe Testament

<u>2 Augustus</u>

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Dra goeie vrugte in die Koninkryk van God deur die kragtige werk van die Heilige Gees! Matteus 12:22-37 (T = Matt. 12:28).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Die Evangelies: Matteus, Markus, Johannes

<u>9 Augustus (Geen aanddiens – Langnaweek)</u>

Oggend: ds Neels Malan

<u>16 Augustus</u>

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – 'n Gebed om die Koninkryk van God - Psalm 72 (T = Ps 72:1-2, 18-19).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Die Evangelies: Lukas en Handelinge

<u>23 Augustus (Voorbereiding)</u>

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Jesus se eerste preek: Bekeer julle, want die koninkryk is naby! Matteus 4:12-17 (T = Matt. 4:17).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: Romeine

<u>30 Augustus (Nagmaal) (Geen aanddiens)</u>

Oggend: Dr De Wet – Nagmaal – Niks is beter as God se nabyheid nie! Psalm 73 (T = Ps. 73:28a).

Oggend: Dr De Wet – Nabetragting – God hou Sy twyfelende verbondskind vas! Psalm 73 (T = Ps. 73:23)

<u>6 September</u>

Oggend: ds Jannie van der Schyff

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: 2 en 2 Korintiërs

<u>13 September</u>

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Spykers in diens van God se Koninkryk! 1 Kronieke 29:1-9 (T = 1 Kron. 29:2).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: Galasiërs, Efesiërs, Filippense en Kolossense

<u>20 September</u>

Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Ons Koning het ons bestem om saam met Hom te lewe! 1 Tessalonisense 5:1-11 (1 Tess. 5:9-10).

Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: 1 en 2 Tessalonisense

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

<u>27 September (Geen aanddiens) (Dr De Wet met verlof)</u>

Oggend: ds Jannie van der Schyff

<u>4 Oktober (Geen aanddiens) (Dr De Wet met verlof)</u>

Oggend: ds Jannie van der Schyff

**SKOLE OPEN (6 OKTOBER)**

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *Hoe gee ek my kerklike bydraes?*

- Direkte betaling - Direk in die bankrekening van die kerk via internet (EFT) of ŉ aftrekorder:
  Bank: FNB tjekrekening; takkode: 250655; rekeningnommer: 62876026511
- Koevert – plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.
  Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam en van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.
- Debietorder – Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Aftrekorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.
- SnapScan en PayPal – bydraes en kollektes kan ook afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.